**Sondag, 13 Oktober 2024**
**Biddag vir Gesondheidsdienste**

## Daarom kan ek nie wegbly nie...

*"...sonder om ons eie samekoms te verwaarloos, soos sommige se gewoonte is; laat ons eerder mekaar aanmoedig..."*
(Hebreërs 10:25)
*"...want 'n dag in u voorhowe*
*is beter as duisend daarbuite."*
(Psalm 84:11)
*"Kinders, ons moenie net met woorde, met die tong, liefhê nie, maar met die daad, in waarheid."*
(1 Johannes 3:18)

Die Koragiete sing *"Gelukkig is hulle wat in u huis woon! Hulle loof U gedurig" (Ps. 84:5)*. Die klein huisgemeente van Hebreërs, moontlik in Rome, wat stadig maar seker besig was om alle hoop en uitsig op die toekoms te verloor, begin al meer gereeld wegbly van die gemeentesamekomste af. Natuurlik was dit gevaarlik. Natuurlik is hulle bespot en gebrandmerk deur die res van die gemeenskap wanneer hulle hierdie byeenkomste bygewoon het, maar dit het hulle nie in die begin gepla nie. Toe hulle nog vas en seker gestaan het in hulle geloof, was vervolging en spot vir hulle 'n voorreg. Maar in hierdie klein huisgemeente is hulle plek al meer gereeld leeg. Hulle was besig om hulle rede vir gesamentlike aanbidding te verloor.

Die Hebreërskrywer wil die gelowiges aanmoedig om nie, maar stadig stroomaf te dryf nie. Daar is baie goeie redes waarom gelowiges, sedert die opstanding van Jesus Christus uit die dood, byeenkom. Daarom herinner die Hebreërskrywer die gelowiges aan die rede waarom hulle nie kan wegbly nie. Die hele Hebreërbrief is uiteindelik 'n aanmoediging om vas te staan in die geloof wat hulle bely. In Hebreërs 10:22-24 kry ons 3 keer die woorde "Laat ons...". Die bedoeling is om die gelowiges aan te moedig. Om aan gelowiges 'n rede te gee om "*in te gaan*", om "*styf vas te hou*" en om hulle self "*toe te lê*" op dit wat hulle lewens verander het toe Jesus vir hulle die groot Hoëpriester geword het. Dit is asof die skrywer vir hulle sê, maar dit is die rede waarom ek nie kan wegbly nie, nie wil wegbly nie.

Waarom bly kinders van die Here weg van die samekomste van die gemeente? Is hierdie wegbly anders as in die tyd van Hebreërs? Of het ons nodig om mense wat hoop en uitsig op die toekoms verloor, aan te moedig, sodat hulle nie wegdryf van geloof af nie. Sodat hulle onwrikbaar vas sal bly staan. Het ons nodig om weer seker te maak waarom ons hier is, sodat ons kan uitroep: "Daarom kan ek eenvoudig nie wegbly nie..."

**- ds. Johan Marais**

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend, gelei deur ds. Johan Marais en ons orrelis, dr. Johan Cromhout; gesinsdiens in die saal deur ds. Janke Hurter. Welkom aan alle besoekers en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.
Ons nooi almal uit om ná die erediens 'n koppie koffie of tee in die binnehof te kom geniet.

Ds. Jan Lubbe lei vanoggend die erediens in die NG Kerk Philippolis.

## LITURGIE

| | |
|---|---|
| **Votum:** | Lied 526: 1 (2x) Waar daar liefde is<br>Ps. 84:2-5 *"Hoe lieflik is u woning, Here..."* |
| **Seëngroet:** | Filemon 1:3 *"Genade vir julle, en vrede van God..."* |
| **Loflied:** | Ps. 84:1, 2, 4 & 5 Hoe lief het ek u woning, Heer |
| **Wet:** | Matt. 22:34-40 |
| **Verootmoediging:** | Lied 235:1 Voor u wet, Heer, staan ons skuldig |
| **Genadeverkondiging:** | Ps. 103:8-12 *"Barmhartig en genadig is die Here..."* |
| **Danklied:** | Lied 510:1, 2, 3 & 4 Genade, onbeskryflik groot |
| **Geloofsbelydenis:** | Apostoliese geloofsbelydenis |
| **Gebed** | |
| **Skriflesing:** | Hebreërs 10:19-25 |
| **Woordverkondiging:** | Tema: Daarom kan ek nie wegbly nie... |
| **Gebed** | |
| **Liefdegawes:** | |
| **Slotlied:** | Lied 509:1, 2, 3 & 4 Op berge en in dale |
| **Seën:** | |
| **Amen en Orrelnaspel** | |

### Ander Eredienste:

| | |
|---|---|
| Sondag, 13 Okt | 15:00 – Teol. Std. Steve Popane (Sothodiens)<br>18:00 – Ds. Janke Hurter (Jeugbyeenkoms) – Pickleball |
| Sondag, 20 Okt | 09:30 – Ds. Janke Hurter; gesinsdiens in die saal – ds Johan Marais<br>15:00 – Teol. Std. Steve Popane (Sothodiens)<br>18:00 – Ds. Jan Lubbe: *Diens van Woord, stilte en gebed* (Taizé) |
| Saterdag, 26 Okt | 19:00 – Di. Johan Marais en Janke Hurter: Belydenis van geloof 2024. |
| Sondag, 27 Oktober | 09:30 – Di. Johan Marais en Janke Hurter (Nagmaal); gesinsdiens in saal – teol.std. Sarahné Dreyer. |

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

13 Okt Gerrit du Preez.
14 Okt Elise Ferreira, Henco Kotzé, Margaret Kruger en Magdaleen Schoch.
15 Okt Ansie Barnard en Stean du Toit.
16 Okt Hein Carstens, Marlene du Plessis, Elizna Gerber, Hanco Nel, Dirk van Zyl en Ebeth Wilson.
17 Okt Divann du Plooy, Janu Janse van Rensburg, Nicolene Lombard, Elsie Strauss, Rubin van Heerden en Johannes van Rooyen.
18 Okt Bennie Grové.
19 Okt Eben Fourie, Bremer Louw, Thys Nel en Elmien Thom.

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Martin Coetzee (Winterstr. 4, wyk 6b); Jan-Albert van den Berg (Visarendvallei 33b, wyk 12b); Wynand Retief (Serenitas 96, wyk 15a); Maryna Spies (Mockestr. 6, wyk 9b); Sheila Prinsloo (Serenitas 160; wyk 15b); Henette Marais (Santé Aftreeoord 127, wyk 18b); Yvonne du Toit (Flemmingpark D5, wyk 14); Tannie Barbara Henzen (Serenitas 12, wyk 15a) en Tannie Erna Gouws (Serenicare, wyk 15a).

Ons meelewing aan Hanneke en Jan en die Smith-familie met die heengaan van Oom Hendrik. Sy gedenkdiens is komende Saterdag, 19 Oktober, om 10:00 hier in Berg-en-Dal, en die begrafnis die middag op die plaas Zeekoegat. Van die familie: Opregte dank vir almal se meelewing en gebede.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.

Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) – Daar is nie hierdie week 'n byeenkoms; ds. Jan Lubbe woon die driejaarlikse konferensie van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke in Johannesburg by.

Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep vir jongmense 19 tot 30: Om in te skakel en vir meer besonderhede, kontak ds. Janke Hurter (078 894 9166).

Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) in die Konsistorie: *"In Jesus se voetspore"* (uit die Evangelies). Kontak ds. Johan Marais (084 517 8052) om in te skakel.

## KERKRAADSAKE

Vir Pastorale Sorg:

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe...

Kontak gerus ds. Johan Marais (084-517-8052) wat ons pastorale werk koördineer of maak 'n afspraak met een van ons leraars.

'n Hele aantal van ons kerkraadslede se termyne eindig in November en ons is in die proses om na leiers in daardie wyke en bedieninge te soek: Wil jy dit nie oorweeg en as die Here jou roep om as ouderling, diaken of in 'n bediening te help, die leraars kontak en jouself beskikbaar stel nie?

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**
In Oktober sorg **Wyke 17** (Noorderbloem en buurt) en **13** (Verre Weste) vir ons gasvryheid Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope Shelter. Dankie vir almal se bydraes. Indien jy graag ook hiermee wil help, kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

## BEDIENINGE

**BEDIENINGE:**
Jy word genooi om een van ons laaste bedieninngsvergaderings vir 2024 te kom bywoon, en saam te beplan vir die kwartaal en volgende jaar:

| | |
|---|---|
| **Kommitee vir Diensverhoudinge:** | Maandag, 14/10 om 17:30 |
| **Kommitee vir Eiendomme:** | Dinsdag, 15/10 om 17:30 |
| **Kommitee vir Geldsake:** | Donderdag, 17/10 om 17:30 |
| **Getuienis- en Barmhartigheid:** | Maandag, 21/10 om 17:30 |

**GEMEENTEBEDIENING:**
**Vroukomitee: Dankie-sê**
Oktober is tyd vir dankie-sê; koevertjies is by die deure beskikbaar, by die Vrouekomitee en in die kerkkantoor. Langs hierdie weg maak vroue 'n verskil op plekke waar daar nood is... En, dagboek solank 21-23 Februarie 2025 vir die **NG Kerk Vrystaat Vrouekonferensie** te Amanzi met prof Stephan Joubert...

**JEUGBEDIENING:**
**Jongspan (Voorskools tot Gr 4):** Kom ry saam treintjies by Modensopark op Sondag, 20 Oktober 2024 vanaf 15:00 – 16:00. Ouers is welkom om saam piekniek te kom hou. Laat weet vir ds. Janke Hurter indien jul wil saamgaan (078-894-9166).

## EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 13 Oktober: **Hospitaalbediening.** U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per snapscan (hiernaas) na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005**)

SnapScan

**Wanneer u bankinbetaling/eft maak, vermeld asb. duidelik u naam & waarvoor dit is!**

## ANDER

**Geref. Kerk Bloemfontein-Noord:** Familiedag by Be Human, 19 Oktober, saam met Frank Opperman. Kontak Francois 082 796 7196 vir inligting; kaartjies in kerkkantoor beskikbaar.

**'n Betroubare Tuin- en huishulp** is opsoek na werk eenmaal per week op Donderdae. Kontak Louise Cilliers 083 459 0896 vir meer inligting.